

# KOERSVAS

Jaargang 4      Uitgawe 96      23 September 2016

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Kennisgewings



## REDAKSIONEEL

### Boere, geloof en hoop.

Dit was my besondere voorreg om genooi te word om die TLU SA se 2016 kongres te open. Die gebeurtenis is uitsonderlik in die nuwe RSA. In die verlede was bykans enige byeenkoms geopen met Skriflesing en gebed. Daar is nog enkele skole, veral in die platteland, wat by geleentheid die predikante van die omgewing nooi om 'n kwartaal te open of af te eindig deur voor te gaan met Skriflesing en gebed. Ek het laas by die ou RAU 'n gradeplegtigheid op die wyse geopen. Universiteite se gradeplegtighede is nou onbeskaamde geleentheid tot neutraliteit met sogenaamde oomblikke vir meditasie.

Die TLU-geleentheid was nie in eie tradisionele ritme ongewoon nie, in die sin dat dit in die verlede die gebruik was om die kongres op "gepaste wyse" te open. Die druk op boere en die vele stemme wat inklusiwiteit voorstaan maak, hulle keuse belangrik. Die TLU SA se bestuur het gekies om in die nuwe "polities korrekte" bedeling steeds hulle kongres aan die Here op te dra. Hulle het ook nie die geleentheid as 'n formaliteit of nagedagte beskou nie. Die versoek, uitnodiging en finalisering van reëlins het lank voor die tyd geskied. Daar was geen voorskriftelike versoek dat die opening afgewater moet wees nie, geen versoek dat daar polities korrek in al die tale gelees en gebed moet word nie. God

verstaan Afrikaans en daarom lees en bid ons in Afrikaans.

Ook was daar geen oomblik van stilte of meditasie nie, maar 'n wending tot God Drie-Enig. Die president, Louis Meintjies, het ook in sy toespraak onbeskaamd verwys na sy en die boere se vertroue in God.

Dit is eie aan ons boere. Hulle is eerlike, gelowige mense wat in afhanklikheid van God hulle taak probeer volvoer so goed hulle kan. Ek wil amper byvoeg so goed hulle toegelaat word om dit te doen. Geen ander sektor van die samelewing is so uitgelewer soos ons boere nie. Hulle is uitgelewer aan die elemente van die natuur, die politiekery van die dag, die kriminele elemente wat in jaloesie hulle wil uitmoor en dan is hulle ook nog uitgelewer aan die ekonomiese wisselvalligheid.

Vir hulle veiligheid en in weerloosheid teenoor die natuur weet hulle dat hulle net in geloof kan saai en glo dat God sal sorg. Sonder 'n spilpunt waag die boere letterlik miljoene rand deur te saai. Met al die voordele van 'n spilpunt is daar steeds soveel wat verkeerd kan loop dat hulle net ten volle op die Here moet bly vertrou.

Aan die ekonomie kan die boere niks doen nie, hulle kan maar net in hoop saai en oes. Aan die duidelik vyandige gesindheid van die owerheid probeer die boere werk. Hulle praat steeds met die regering, onderhandel steeds en bid vir die owerheid, selfs te midde van mense wat grond gryp en 'n tekort aan die politieke wil om misdaad te beveg.

Ons kan leer by die mense wat steeds besig is met die eerste beroep waarvan ons in die Bybel lees. Ons lees in Genesis 2: "Toe die Here God die aarde en die hemel gemaak het, was daar nog nie enige struik op die aarde nie en het daar ook nog nie enige groenigheid opgeskiet nie, want die Here God het dit nog nie op die aarde laat reën nie, en daar was nog nie 'n mens om die grond te bewerk nie."

Geduldig, gelowig, altyd vol hoop, word alle pogings aan die Here opgedra. *Dr J Otto*

### BERIGTE

- Die notule van die Grootvlei Bondsvergadering sal op **14 Oktober** tydens die **dagbestuur** se vergadering gefinaliseer word. Predikante wat op die dagbestuur dien word herinner daaraan dat hulle die vergadering moet bywoon. Die dagbestuur sal by sy vergadering van 14 Oktober bevestig waar die 2017 vergadering sal plaasvind.
- Die GHG Dames se byeenkoms was net so geslaagd. Die voorsitter se verslag verskyn hier langsaan.
- Ds Piet van der Merwe het aangedui dat daar op 25 November 2016 'n dinee sal wees waartydens prof HG van der Westhuizen se bydraes tot die kerk gehuldig sal word. Besonderhede sal gepubliseer word sodra alle sake beplan en bespreek is.
- In die Argiefbewaarpark/biblioteek van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika is twee **eksemplare** van **Lewensbrood**. Dit is die eerste twee uitgawes: 2013 en 2014. Dit is belangrik dat ons publikasies daar opgeneem word vir wyer kennisname. Persone wat beskik oor netjies kopieë van Lewensbrood **2015 en 2016** sowel as Koersvas en Die Skietlood – die gebundelde uitgawes van die afgelope jare word versoek om ds Gawie Wolmarans te kontak sodat dit

aan die NHKA biblioteek geskenk kan word asseblief. Om weer kopieë te laat druk, sal meer as dubbel die oorspronklike bedrag kos.

### BONSDAMES SE DERDE BYEENKOMS TE GROOTVLEI OP 5 SEPTEMBER, AD 2016

Met volhoubaarheid as ons tema vir AD 2016, is ons fokusverse Openbaring 2:3 en 4.

Dit was 'n goeie byeenkoms, gekenmerk deur goeie deelname en positiwiteit. Dames werk hard en doelgerig in hul gemeentes. In 2013 te Meyerspark is daar deur 12 gemeentes se dames op die volgende gemeenskaplike doelstellings besluit:

- Geestelike verryking van vrouelidmate.
- Barmhartigheid tesame met Evangelieverkondiging.
- Bevordering van die belange van die gemeente
- Volkseie opheffing en fokus op ons gesinne.

Ons fokus vir 2016 vloei vanuit hierdie tema. In lyn hiermee is daar in 2015 'n eerste kwilt gemaak waartydens daar in 'n kort tydperk R30 000 ingesamel is om fondse vir die opleiding van Bondstudente te verseker. Hierdie jaar het ons dit weer gedoen. Die simboliek van die kwilt moet ons nie verbygaan nie. Dit wys op die saamwerk, saamstaan, saamweef as klein groepies gelowiges van oor die hele land. Met ons eie uniekheid dra ons elkeen by tot 'n pragstuk wat 'n boodskap van hoop uitdra.

Dit was 'n voorreg om tydens die Openingsgeleentheid die eerste Bondsbeurs aan ons eerste studente beskikbaar te kon stel. Dankie aan die gemeentes wat deel van die kwiltprojek was.

Daar is hierdie jaar vir elke gemeente lootjievorms gedruk, kry dus betyds u vorms by Ella Joubert (ella@teamworkprinters.com) indien u 'n bydrae wil lewer.

Elkeen van ons, elke ma, pa, oupa, ouma, gemeentelid, kategeet word aangespreek om ons jongmense, ons gemeentekinders aan te moedig om predikante te word. Ons moet dit as ons verantwoordelikheid sien om met ons jongmense gesprekke te voer, om ons kategete goed toe te rus om met ons jongmense 'n pad te loop en om geleenthede te skep tot geloofs- en gespreksinteraksie. Mag dit van ons kinders, kleinkinders, gemeentekinders gesê word soos Paulus aan Timoteus geskryf het: *“Ek dink aan jou opregte geloof, dieselfde geloof wat in jou ouma en ma was.”* Yvette Otto

### KENNISGEWINGS

#### • GELOFSBONDKWILT 2016

(GHG Gesamentlike fondsinsameling-projek vir Teologiese Opleiding van GHG predikante)

Die kwilt is voltooi. Dankie vir al die gemeentes wat blokke ingestuur het.

Lootjielyste is beskikbaar en kan bestel word by Ella Joubert per adres:

[ella@teamworkprinters.com](mailto:ella@teamworkprinters.com).

#### Advertensies

• Lidmate wat belangstel om meer te wete te kom oor die Calvinistiese alliansie en in die besonder gedagtes oor weerbaarheid, kan gerus die skakel hier onder opvolg:

[https://www.facebook.com/steedshervormers/posts/990507434364632?notif\\_t=page\\_wall](https://www.facebook.com/steedshervormers/posts/990507434364632?notif_t=page_wall)

Neem asseblief kennis van die advertensies wat ingesluit is.

#### • Vakansiekompetisie: Premiermyn

Ondersteun gerus Premiermyn se vakansiekompetisie en gaan rus by die Wildekus. Daar is 'n eerste, 'n tweede en 'n derde prys te wen. Twee vakansies te Port Edward of 'n week in die Langkloof is die tweede en derde pryse.

• **Oornag fasiliteite** by Villa Stoney – naby Pretoria. Skakel Ina 082 908 2831 of [auri@mweb.co.za](mailto:auri@mweb.co.za).

#### • Geloofsbondpreke

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar word elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op die internet geplaas.

<http://www.geloofsbond.org.za/>

Daar is ook preke op **whatsapp** beskikbaar. Kontak Yvette Otto by 072 223 7522 vir meer besonderhede.

#### • Drukwerk

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorieboeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

[ella@teamworkprinters.com](mailto:ella@teamworkprinters.com)

**MAAK 'N DONASIE VAN R100-00 EN STAAN  
'N KANS OM EEN VAN DRIE VAKANSIES TE WEN**

**1ste Prys: 7 Dae vir 4 persone by Eden Palms,  
Palm Beach, Port Edward**

**2de Prys: 7 Dae vir 4 - 6 persone by Mer Bleue,  
Port Edward**

**3de Prys: 5 Dae vir 6 persone op 'n gasteplaas  
naby Joubertina in die Langkloof, Oos-Kaap**

**Trekking:  
13 November 2016**

***Kontak Hans Esterhuizen  
vir verdere besonderhede by  
084 581 2905***

